Die Posduif
Nuusbrief van die NG Kerk Parys-Wes

NG KERK PARYS-WES

Visie: *Gedring deur God se Liefde leef ons om Hom te verheerlik*
Missie: *Geloof, Koinonia en Getuienis*

Jaargang 19 4de Kwartaal 2018

OM GOD TE KEN

Advent is om die draai. Dit is die seisoen van verwagting. As agtergrond van dié verwagting kan ’n mens dink aan die ou tradisie dat God eintlik onkenbaar, onbegryplik is.

Moses ontmoet Hom in die woestyn as ’n stem uit ’n brandende bos wat Homself bekendstel met die kriptiese woorde “Ek is”. Vir Elia is God nie in die sterk wind, die aardbewing of die vuur nie, maar in ’n fluistering in die windstilte. Job hoor God se stem uit ’n stormwind. Dié stem vra vrae wat Job iets van die onbegryplikheid van God laat snap.

Ons leef vandag steeds met die wete dat God groter as ons gedagtes is, dat God in ’n sin onbegrypbaar is. Maar dan kom Kersfees. Dan kom openbaar God Homself volledíger as ooit tevore deur die mens Jesus van Nasaret. Deur Jesus Christus.

Self sê Jesus volgens die Evangelie van Johannes: wie Hom sien, sien die Vader; wie Hom ken, ken die Vader. In Jesus leer ons God op verrassende maniere ken. Hy is die Een wat in weerloosheid na ons toe kom, as ’n babatjie wat in doeke toegedraai word.

Hy is die Een -

- wat liefde sentraal stel in die verstaan van die wet.
- wat grense oorsteek na almal wat buite die kring van sosiale aanvaarbaarheid is.
- wat helend teenwoordig is by mense.
- wat besorg is oor die minstes, die weerloses, die armes.
- wat dien.
- wat kom om Homself te gee.

Advent is die seisoen van verwagting. Mag dit by ons ook die verwagting wees om die onbegryplike God beter te leer ken, dieper te leer ken, om nader aan dié God te kom.

BRON: Oorgeneem uit die Kerkbode en uitleg aangepas - October 29, 2018KerkbodeHoofartikel
http://kerkbode.christians.co.za/2018/10/29/om-god-te-ken/
Grafika ex internet

PROPONENT BERNARD VAN WYK NEEM AFSKEID

Daar is 'n tyd om te kom en 'n tyd om te gaan. Bernard van Wyk het aan die begin van die jaar by die gemeente aangesluit om sy gemeentejaar onder leiding van sy oom Barry van Wyk te kom doen. Hy het die leiding so ernstig ter harte geneem dat hy selfs sy blindederm laat verwyder het in navolging van sy mentor. Hy het voluit by die gemeente-aktiwiteite ingeskakel. Hy het gepreek, die juk gedra tydens sy en ds Barry se gesamentlike preek, Bybelstudies gelei, uitgereik na jong mense, 'n kategese klas hanteer, pannekoek afgelewer, gehelp met die kospakkies in Schonkenville, bygedra tot die Posduif en vele ander dinge wat sy hand kon vind om te doen.

Op 30 September 2018 het hy sy verblyf by Parys-Wes afgesluit met 'n laaste preek met die tema *"Wie is ek voor God'* (Psalm 8). Aangesien dit Hermien se af naweek was, is daar met Bernard se ma, Annelize van Wyk, gereël om die begeleiding vir die sang te doen.

'n Oorkonde met die volgende bewoording is by die geleentheid aan hom oorhandig:

OORKONDE VIR BERNARD VAN WYK

'n Herinnering aan jou gemeentejaar (2018) met Parys-Wes gemeente!
Baie dankie vir alles wat jy hier by ons kom inploeg het – jou mooi geaardheid, jou liefde vir die Here en sy kinders en jou Bybelse boodskappe sal ons bybly!
Mag die Here jou voortaan ryklik seën en vrugbaar in Sy heerlike diens gebruik!
'n Mooi bediening bid ons jou toe!
Liefde in Christus
NG Gemeente Parys-Wes

Baie geluk ook aan Bernard wat op 29 November 2018 in Bloemfontein gelegitimeer is. Hy is nou 'n propperse proponent en beroepbaar.

HANDSAKTEE

Vroeër in die jaar het 'n paar gemeentelede die Charlotte Theron Kinderhuis op Betlehem besoek, spesifiek die seunshuis waarvoor ons gemeente verantwoordelik is. Dit het sterk op Ina se hart gedruk dat, hoewel daar in die kinders se mees basiese behoeftes voorsien word, die fondse baie skraps is en dat daar geen geld vir enige ekstras of noodgevalle is nie. Dus het sy besluit om saam met die Tabita diensgroep 'n unieke tee te reël om fondse in te samel. So het die handsakprojek begin.

Eers is 'n kompetisie geloods vir handgemaakte handsakke en inkopiesakke. Die dames het flink gereageer en 27 handsakke ingeskryf.

Die Tabita diensgroep het toe vroeg in September ‘n handsaktee aangebied. Wat 'n vrolike, kleurryke oggend. Nadat Cean en Lialma Sinclair ons bederf het met pragtige sang, is die wenners van die handsakkompetisie bekend gemaak en daarna is die wensakke opgeveil. Louis van Wyk was ‘n uitstekende afslaer. Die dames het flink gebie en pryse opgejaag. Terwyl almal tee en heerlike eetgoed geniet het, is die ander handsakke te koop aangebied. Met die kinderhuis in gedagte, het die dames die funksie baie goed ondersteun en die pragtige bedrag van R9 450 is ingesamel. Baie dankie vir elke bydrae. Dit sal beslis 'n groot verskil maak.

Hortense Hugo

FUNKSIE VIR ONS SENIOR BURGERS

Daar word jaarliks ‘n funksie vir die gemeente se lidmate bo sewentig gehou. Dit is die laaste paar jaar by Deo Volente gehou maar, aangesien Willie Burger ongesteld was, is daar besluit om die funksie op 19 Oktober 2018 in die kerksaal te hou. Dit was nietemin ‘n heerlike oggend en daar is lekker geëet en gesels. Na ete is daar Bingo gespeel en die wenners het ‘n sjokolade ontvang. Ds Barry was die “roeper”, Wilma die “hardloper” en die wenners was die sjokolade-eters! Dankie aan almal wat hier gehelp en ondersteun het.

Dries de Jager

BARRY EN INA VAN WYK VERJAAR

Baie geluk aan ds Barry wat op 17 Oktober 2018 ‘n volle 60 jaar oud geword het en ook aan Ina wat net daarna op 22 Oktober ook ‘n bietjie ouer geword het. Die familie en gemeente het die geleentheid met ‘n heerlike middagete in die kerksaal gevier.

Die Gemeente wens julle albei ‘n baie mooi en ‘n geseënde jaar vol goeie gesondheid en baie liefde toe.

(Foto’s – Hannetjie Havenga)

ONS SENIOR BURGERS - 80 JAAR EN OUER

Geluk en seën vir hierdie nuwe jaar in u lewe. “Dié God is ons God vir altyd; Hy sal ons altyd lei.”. Ps 48:15

Oktober:

12 – Annè Opperman (80): Dit gaan baie goed. Sy is gesond en bly besig.

13 – Chris Venter (80): Fisies aan die gang maar ly al tien jaar aan Alzheimer. Sy vrou versorg hom. Hulle is al 55 jaar getroud.

18 – Charles Janse van Rensburg (80): Het twee knie-operasies gehad maar vol dankbaarheid vir baie goeie algemene gesondheid.

November:

12 – Gert Cornelissen (81): Baie dankbaar dat dit goed gaan. Sukkel met ‘n kwaal of twee, maar gaan aan.

15 - Ray Pullen (87): Was drie weke in hospitaal met longontsteking. Word tans in die kliniek by Sally Martin Park versorg.

19 - Hennie van Brakel (85): Dankbaar dat dit goed gaan, geen ernstige klagtes nie.

21 - Sally Coertze (86): Dit gaan baie goed, ook met algemene gesondheid. Bly lekker en het niks om oor te kla nie.

29 – Chrissie Cronjé (83): Dit gaan goed, sy vergeet net baie.

Desember:

03 - Marie Marais (83): Dankbaar vir genade en goeie gesondheid al is haar knieë en rug partykeer seer.

08 - Lappies Labuschagne (84): Kuier vir ses maande by kinders in Nieu-Seeland en Australië.

12 - Joey Cronjé (81): Bene pla ‘n bietjie, verder piekfyn!

12 – Dawie Smit (80): Gaan goed, speel nog gereeld rolbal.

13 - Rina Labuschagne (84): Kuier vir ses maande by kinders in Nieu-Seeland en Australië.

13 – Willie Huyser (80): Dit gaan baie goed, het geen klagtes nie.
15 – Letitia Botha (82): Dit gaan goed, maar haar sig is baie sleg. Kan nie meer lees nie.
15 – Hannes de Swardt (81): Dit gaan baie goed! Op “81 nie-uit-nie” doen hy beter as baie krieketspelers!

BELYDENISAFLEGGING 2018
Baie welkom aan die nuwe lidmate van die gemeente! Hierdie jong mense het hul kategese-skoling afgehandel en op 16 September belydenis van geloof afgelê. Baie geluk aan hulle en hul ouers wat hul tot op hierdie punt in hul lewe gebring het. Hulle is :

Lizaan Bruwer	Jaun Pretorius
Almari Claassen	Marné Prinsloo
Louis Ferreira	Arno Sadie
Izané Havenga	Pieter Terreblanche
Annie Holtzhausen	

KERS-PIK-EN-PROE – 16 NOVEMBER 2018
Op Vrydagaand, 18 November 2018 was dit weer tyd vir Parys-Wes se Kers-pik-en-proe. Ons het nou al gewoond geraak om met teelepels kos in te skep en te eet en dit was weereens ‘n plesier om aan al die verskillende disse te “proe”. Die saal is feestelik voorberei en die dames het heerlike geregte voorberei. En die nagereg! Uit die boonste rakke. Een ding is seker,

al eet jy met ‘n teelepel het niemand nog ooit honger huistoe gegaan na ‘n pik-en-proe nie.

Dankie aan al die dames en manne vir die reëlings en die heerlike kos wat telkens voorgesit word.

KERS-ETE VIR GLENIFFER-INWONERS

Corrie se winkel is op die hoek van President- en Phillip-strate in Parys. Agter die winkel voorsien Corrie in Gleniffer-huis verblyf aan minderbevoorregte mense wat nie ander verblyf het nie. Die inwoners moet self hul eie kos voorsien.

Die verskillende kerke in die dorp maak beurte om elkeen een keer per kwartaal ‘n ete aan die inwoners te voorsien. Parys-Wes het weer die geleentheid gehad om op 13 November 2018 ‘n Kers-ete aan die inwoners voor te sit. Die saal is vrolik opgemaak en die inwoners het lekker saam gesing voordat hulle weggelê het aan die lekker kos wat aan hulle voorgesit is. Daar was 80 volwassenes en ook 16 kinders wat elk ‘n geskenkie ontvang het.

Die inwoners was baie dankbaar vir die ete en het dit hoog op prys gestel. Die volwassenes en kinders het elkeen ‘n briefie aan die kerkkantoor gestuur waarin hulle hul waardering teenoor die dames uitspreek. Hul wens ook die dames en die gemeente ‘n Geseënde Kersfees en ‘n voorspoedige 2019 toe.

Baie dankie aan almal wat hierdie taak verrig. As daar ander

gemeentelede is wat by die projek betrokke wil raak, skakel gerus vir Annelie by die kerkkantoor. Daar is altyd ‘n behoefte aan gewillige hande. *(Foto: Suna)*

VAKATURES - KATEGETE

Daar word dringend gesoek na persone wat in 2019 met die kategese-klasse kan help. As jy voel dat jy daar ‘n bydrae kan maak, kontak asseblief die kerkkantoor

Christene is soos tee: hulle ware krag kom eers te voorskyn as hulle in warm water beland. *Herbert V. Prochnow*

NUWE INTREKKERS

Die afgelope kwartaal ‘n groot aantal lidmate by die gemeente aangesluit. Hartlik welkom aan elkeen en ons vertrou julle gaan of het reeds by die gemeente en sy aktiwiteite ingeskakel en dat jul verblyf hier geseënd sal wees.

Naam	Van	Vorige Gemeente	Adres	Wyk	Kontaknr
Neels en Noline	Claassen	Hervormde Kerk, Vanderbijlpark	Allenby Hof 2 Allenby 41	Bredell	083 5409431
Gert en Lina	Cornelissen	Miederpark, Potchefstroom	Amot-woonstel 6	Amot	073 1515873
Johani	Fleetwood	Moedergemeente Ermelo	Bredell 35	Bredell	060 4754770
Gawie	Nel	NG Bethal	Frolichstraat 12	End	072 4141164
Carel en Liefie	Nel	NG Riebeeckstad	Kosmosmeen thuis 10	Noor-der	079 1396151 081 2855770
Bryks en Lisa	Olivier	NG Witbank-Suid	Robin Place 10	Hick-man	082 8746886 083 6032993
Dawie en Adri	Smit	NG Barkley-Wes	Boomstraat 26	Protea	076 2607615
Chris en Marina	Stander	Hervormde Kerk Piet Retief	Groenoewer 1	Johan-na	082 3714700
Jacobus en Rita	Van Huyssteen	NG Gonubie	Noorderstraat 82B	End	072 8002306 079 4930685
Jacqueline	Van Huyssteen	NG Gonubie	Noorderstraat 80B	End	082 8676404
Pieter	Van Zyl	Moedergemeente Ermelo	Bredellstraat 35	Bredell	078 1281394

DIENSGROEP DIENS VAN BARMHARTIGHEID

Graag wil ons as diensgroep aan elke gemeentelid baie dankie sê vir hul mildelike bydraes gedurende die jaar, hetsy finansieel of deur ander skenkings. Dit was voorwaar ‘n geseënde jaar en met u hulp kon ons meer gee as waartoe ons alleen in staat is, veral by ons Jeugsorgsentrums! Dit sluit onder meer die volgende in:

Bethelehem CTK, Esterhof

- Splinternuwe stoof en wasmasjien.
- Maandelikse bydrae aan Max-o-Meat vir benodigdhede soos vleis, groente ens.
- Bydrae : CTK Basaar, koektafel (en naas die vleistafel het hierdie tafel die meeste geld ingewin!).
- Bydrae : Naweekwegbreek na Meiringskloof.
- Kersgeskenk aan elke seun (en almal het ‘n visstok gekies!)

Sasolburg seuns- en dogtershuis

- Maandelikse vleispakkies, met bederfies soos koue vleis, spek, kaas, ens.
- Handdoeke vir die seuns.
- Finansiële bydraes aan die drie skoolverlaters wat in elkeen se eie bankrekening inbetaal is.
- Kersgeskenk aan al die kinders (die seuns het besluit om hul geld bymekaar te sit om ‘n nuwe swembad vir die huis te koop).
- Die kinders van beide die SASAS-huise het die gemeente vanjaar besoek. Die dogters was op 26 Augustus hier en die seuns op 28 Oktober 2018. Beide groepe het die besoek baie geniet en het die gemeente en almal wat gehelp het bedank. (Foto: Corina)

Dankie ook aan elke lid wat betrokke is by hierdie diensgroep, julle onbaatsugtige bydraes word opreg waardeer.
Ons wens aan almal is ‘n geseënde feestyd en ‘n vreugdevolle 2019!

LOFSANGAAND MET FRANCOIS EN ELIZABETH

Die lofsangaande saam met Francois en Elizabeth Fourie het al ‘n heerlike instelling by Parys-Wes geword. Op Sondagaand, 16 September 2018, is die gemeente se verjaarsdagnaweek op ‘n gepaste wyse onder hul leiding met lofprysing afgesluit. Na afloop van die geleentheid is almal met ‘n roomys in die saal bederf.

Baie dankie aan Francois en Elizabeth vir hul onmisbare bydrae en ook aan almal wat met die reëlings gehelp het.

DIE DOOP

Baie geluk aan die twee kindertjies wat onlangs hier gedoop is en ook aan die ouers en grootouers. Dit is altyd ‘n besondere geleentheid as kindertjies gedoop word en ons vertrou dat hulle vir julle ‘n groot vreugde sal wees.

Van	Naam	Doopdatum	Geboortedatum	Ouers
Wolmarans	Joleigh Isabell	14 Oktober 2018	12 Oktober 2017	Johannes en Jolene Wolmarans
Neethling	Luan Jaques	18 November 2018	21 Junie 2018	Paul en Amanda Neethling

PARYS-WES SE VERJAARSDAGNAWEEK – 15 en 16 September 2018
Stap vir Bybels

Tradisioneel word die verjaarsdagvieringe van die gemeente afgeskop met ‘n stap vir Bybels op die Saterdagoggend. Op Saterdag, 15 September het Phillip, Dries en Gavin die vure al vroegdag aangesteek om die wors vir worsbroodjies te braai. Om 07:00 het Ds Barry die geleentheid ge-open en het die stappery begin. ‘n Groep Voortrekkers het ook vanjaar by ons aangesluit en saam gestap. Na afloop van die stap het elkeen ‘n medalje van die Bybelgenootskap ontvang en daar is worsbroodtjies en koeldrank ten bate van Bybelverspreiding verkoop. Daar was nie baie stappers gewees nie, maar dit was lekker om ook op hierdie manier met mede-gemeentelede te skakel.

Die gemeente het die geleentheid gehad om tot einde September bydraes vir Bybelverspreiding te maak. Daar is ‘n mooi bedrag van R7 500 vir die doel ingesamel. Dankie aan almal vir jul bydraes.

Op Sondag, 16 September is die feesvieringe voortgesit. Na die preek deur ds Barry van Wyk (Jakobus 4 : 13-17 / Teks : Jakobus 4 : 14b en tema *'Net 'n dampie'*), het die finalejaar kategese belydenis van geloof afgelê en toe vir die eerste keer as nuwe belydende lidmate saam met die gemeente Nagmaal gevier. Weereens baie welkom aan die nuwe jong lidmate. Verdere berig oor hulle op p5. Die feesvieringe is Sondagaand met 'n Lofsangaand onder leiding van Francois en Elizabeth (p8) afgesluit. Feestelike naweek !!

KERSSANGAAND

Francois en Elizabeth Fourie bied

op Sondagaand, 16 Desember 2018 om 18:00

'n Kerssangdiens onder die sterre by Parys-Wes aan.!

Bring asseblief julle eie stoele en 'n piekniekmandjie saam!!

Almal is welkom!!

DATUMS OM TE ONTHOU

- 16 Desember: 09:30 Geloftediens by Moedergemeente
  09:10 Vlaghysing
- 16 Desember: 18:00 **Kerssang onder die sterre** olv Francois en Elizabeth by Parys-Wes (Bring piekniekmandjies, stoele, komberse en **'n liggie** saam.)

• **EREDIENSTE - DESEMBER 2018 / JANUARIE 2019**			
	16 Desember	*NG Moedergemeente*	*09:30*
	23 Desember	*NG Parys-Suid*	*09:00*
	25 Desember	*NG Parys-Wes*	*08:00*
	30 Desember	*NG Parys-Oos*	*09:00*
	31 Desember	*NG Parys-Wes*	*18:00*
	06 Januarie 2019	*NG Parys-Wes*	*09:00*

2018 MATRIKULANTE

Teen die einde van November as hierdie Posduif verskyn, het al ons matrikulante sekerlik al klaar eksamen geskryf en wag hul met 'n mindere of meerdere mate van spanning vir die uitslae. Ons vertrou dat die eksamens goed afgeloop het en ons wens die matrikulante van Parys-Wes, nl. Carla Grimbeek, Waldo Keyser, JJ Meyer, Nelmarie Malan, Lialma Sinclair en Katy Strydom almal 'n rustige tyd toe in voorbereiding vir die volgende fase van jul lewens.

BAIE DANKIE!
Die kerkkantoor-personeel sê dankie aan die gemeente vir hul ondersteuning, harde werk en betrokkenheid. Dankie ook aan die diens- en taakgroepvoorsitters en al die lede, asook die ouderlinge en diakens. 2018 was ‘n geseënde jaar wat God beskik het. Dankie aan ds Barry en Ina vir hulle harde werk. Mag almal ‘n geseënde Kersfees ervaar en ‘n baie voorspoedige 2019 beleef. 2020 is om die draai ! *Dries de Jager*

AKSIEPLANNE
Gedurende 2013 het die kerkraad onder leiding van Piet du Preez (Voorsitter : Taakgroep Diensverhoudinge) ‘n "SWOT"-analise gedoen om vas te stel wat die sterk punte, swak punte, geleenthede en bedreigings van ons gemeente is. Uit die ontleding het die volgende na vore gekom : Visie, missie, credo, nuwe logo en waardes.

Die Diens- en Taakgroepvoorsitters / verteenwoordigers, leierouderling, leierdiaken en ‘n groep gemeentelede het die aksieplan-sessies op 6 Maart 2017 onder leiding van Piet du Preez hervat. Die doel van die sessies was om ‘n kritiese evaluasie te doen van waar ons nou as gemeente staan. Wat is/was suksesvol, wat was nie, en wat is ons uitdagings (bedreigings) en wat is ons geleenthede.

Daar is gedurende hierdie jaar aan die aksieplanne gewerk en suksesse is behaal, maar daar was ook areas waar dit nie moontlik was om al die planne uit te voer nie.

Finansies : Die area het goed gevaar en die meeste teikens is bereik.

Jeug : Die Jeug het goed gedoen. Ons het egter nog kategete nodig vir 2019. Verwittig asb die kerkkantoor indien u bereid is om by die Kinderkerk/ kategese te help. **Amanda Sadie en Gretha Sinclair** het uitgetree en ons wil hulle bedank vir jare se onbaatsugtige diens. Baie dankie julle !!

Gemeentebediening : Die meeste van die aksies is nie uitvoerbaar nie as gevolg van ‘n tekort aan ouderlinge en diakens. Daar is tans nie ‘n voorsitter vir die Diensgroep nie. Indien u bereid is om hier diens te doen, skakel asseblief met die kerkkantoor.

Die aksieplanne sal weer in die nuwe jaar hersien word en daar sal gekyk word na gemeente-doelwitte. *Dries de Jager*

SOPBEURTE
Parys-Wes gemeente het reeds ‘n baie lang verbintenis met Mponeng Primêre Skool in die Koepel. Die Diensgroep Getuienis besoek die skool elke jaar kort voordat die skole sluit om die kinders bietjie te bederf met snoeperye voordat die Desember-vakansie begin. Die gemeente het as deel

van die uitreik na die skool, lank terug besluit om een keer per maand vir die skool sop en brood te gee. Die sopbeurte word tussen die wyke geroteer. Daar word telkens op die afkondigings aangedui watter drie wyke in ‘n bepaalde maand elk vyf liter sop en ‘n brood se toebroodjies moet maak, dws 15 liter sop en drie brode se toebroodjies. Elke wyk kry dus net een of miskien twee keer per jaar ‘n beurt.

Hierdie aksie word deur die kerkkantoor geadministreer en waar daar nie kerkraadslede in ‘n wyk is nie, sal Annelie mense nader om te help.

Baie dankie aan die wyke / dames wat die sop en brood voorberei. Jul voortgesette hulp sal baie waardeer word. Dit word hoog op prys gestel deur die skool en die kinders geniet dit en is baie dankbaar daarvoor.

WEBWERF VIR DIE GEMEENTE

Die kerk se webwerf is aktief en die weeklikse program, Die Posduif en ander inligting word daarop geplaas en gereeld opgedateer. Volgens Cleone de Swardt wat die taak op haar geneem het om die webwerf in stand te hou, het die webwerf reeds meer as 7 000 besoekers gehad. Baie dankie Cleone. Almal is welkom om foto’s en inligting van gemeente-aktiwiteite aan Cleone (cleone.deswardt@gmail.com) te stuur. Besoek die webwerf gerus by http://ngwes.parys.co.za

KONTAKBESONDERHEDE

Kontak asseblief die kerkkantoor by 056 811 5316 of stuur ‘n e-pos aan ngparyswes@gmail.com indien enige van jou kontakbesonderhede verander het.

Die Posduif-redaksie wens al ons medewerkers en lesers ‘n baie Geseënde Kersfees en voorspoedige 2019 toe. Baie dankie aan al ons medewerkers en lesers en ons maak staat op jul verdere ondersteuning in die nuwe jaar.

Polisiëringsforum-besoek - September

Kerktoring genereer inkomste!!